



## 'N GEBED WAT ALLES VERANDER

### Handelinge 4:23-37

Toe hulle dit hoor, het hulle almal saam tot God gebid en gesê: "Here, dit is U wat die hemel en die aarde en die see en alles wat daar is, gemaak het. (25) En U het deur die Heilige Gees by monde van ons voorvader Dawid, u dienaar, gesê: Waarom het heidennasies te kere gegaan, en het volke sinlose planne beraam? (26) Die konings van die aarde het in opstand gekom, en die heersers het saamgespan teen die Here en teen sy Gesalfde. (27) Dit is wat werklik in hierdie stad gebeur het. Herodes en Pontius Pilatus het met heidennasies en die volk Israel saamgespan teen u heilige Denaar, Jesus, wat deur U gesalf is, (28) en hulle het alles gedoen wat U vooruit beskik en besluit het. (29) En nou, Here, kyk hoe dreig hulle ons. Gee dat u dienaars met volle vrymoedigheid u woord sal verkondig. (30) Laat u hand genesing bring, en laat daar tekens en wonders plaasvind deur die Naam van u heilige Denaar, Jesus." (31) Nadat hulle gebid het, het die plek waar hulle bymekaar was, geskud. Hulle is almal met die Heilige Gees vervul en het met vrymoedigheid die woord van God verkondig. (32) Die groot getal wat gelowig geword het, was een van hart en siel. Niemand het sy goed net vir homself gehou nie, maar hulle het alles met mekaar gedeel. (33) Die apostels het kragdadig getuig dat die Here Jesus uit die dood opgestaan het, en die genade van God was groot oor hulle almal (verse 24-33)


#### 'N GEBED WAT ALLES VERANDER

1 GEBED GERIG OP ONS GROOT GOD (VS 24-28)

2 GEBED VIR GROOT VRYMOEDIGHEID (VS 29)

3 GEBED VIR GROOT WERKING VAN GOD (VS 30)

4 GEBED MET GROOT RESULTATE (VS 31-35)



#### SAAM-PRAAT:

- 1 Bespreek die aanhaling: *moenie vir kleiner take bid nie, maar vir meer krag vir groter take (Brooks)*
- 2 Deel met mekaar watter "God-grootte" gebede jy/jul die afgelope tyd gebid het?
- 3 Hoe dink jy kan God in ons lewe sy krag so sigbaar maak dat ander wat saam met ons werk, iets van die lewende Here sal kan sien en beleef?
- 4 Hoe sal dit ons lewe verander as *ons* bid vir "boldness" of onverskrokkenheid om die Here en sy Woord te deel met ander oral waar ons leef en beweeg?
- 5 Nou is 'n goeie tyd om te doen wat vs 24a sê.